VOORSITTERSVERSLAG

R DU TOIT, Triomf Kunsmis (Edms) Bpk

My voorsittersrede aan u vanjaar staan in die skadu van die tragiese heengaan gedurende die jaar van ons voorsitter, mnr Jan de Waal, wat die leisels van hierdie Vereniging gedurende die jaar sou gehou het. Ons bring hulde aan sy nagedagtenis as een van ons ywerigste lede wat groot belang gehad het in die welsyn van hierdie Vereniging. Ons sal sy stil en bedaarde bydrae te meer mis omdat hy altyd dié gebring het sonder om wrywing te bring maar gepoog het om die Vereniging as een span te laat saamtrek.

As ek die afgelope jaar beskou onderskei ek benewens die normale gang van die Vereniging wat aktief voortgegaan het, drie besondere hoogtepunte: Gedurende die jaar het die Vereniging die eerste tasbare resultaat van sy navorsingseenheid geput in die vorm van die 'Mielierekenaar' in samewerking met die Hoëveldstreek van die Departement van Landbou. Tweedens het die Vereniging 'n aanvang gemaak in samewerking met ander belanghebbende instansies met 'n wye projek vir grasbemesting en, derdens, het die direkteur van die Vereniging 'n uitgebreide reis deur die Europese lande onderneem, inligting versamel en kontakte gemaak wat vir hom as ons hoof-uitvoerende amptenaar, asook vir die Vereniging, van onskatbare waarde sal wees en nuwe stuurkrag sal gee.

Hierdie drie hoogtepunte is 'n uitvloeisel van die nywerheid se oriëntasie om sy navorsingswerk en die voorligtingswerk wat daaruit sal vloei in 'n neutrale, professionele organisasie te koördineer en sodoende weg te kom van die etiket wat in die verlede maar al te graag aan individuele kunsmisfirmas geplak is dat hulle bewering vir die uitbreiding van die kunsmismark bloot kommersieël-georiënteerd was sonder inagneming van die werklike belang van die landbou. Alhoewel ons nooit geglo het dat hierdie beskuldigings geregverdigd was in die lig van die baie swak gegewens oor die gebruik van kunsmis in Suid-Afrika wat beskikbaar was vanaf ander bronne, hoop ons dat hierdie neutrale benadering die nywerheid se bydrae meer tot sy reg sal laat kom. Ek noem vir u — en ek hoop u sal dit aanvaar in die eerlikheid waarmee dit aangebied word — die primêre doelstellinge van ons navorsing:

1.1 Om riglyne of norme daar te stel wat, enersyds, aan die landboukundige en verteenwoordiger meer vertroue en realisme ten opsigte van bemestingsaanbevelings sal gee, en andersyds, 'n groter mate van aanvaarding en toepassing van dié aanbevelings deur die boer.

1.2 Om terselfdertyd die produksie- en gevolglik bemestingspotensiaal van die onderskeie grondseries of -tipes binne 'n sekere stel klimaats- en ander faktore wat dit mag beïnvloed te bepaal en sover doenlik te optimaliseer — maw om te poog om elke grond/klimaatsisteem ten volle te eksploiteer wat opbrengste en bemesting betref.

Soos bekend is het ons daarin geslaag om redelike betroubare NPK-riglyne vir mielies op sekere van die belangrikste grondtipes daar te stel. Hierdie resultate is saamgevat in 'n skyf opgestel na ontleding van die proefondervindelike resultate met mieliebemesting wat deur ledemaatskappye oor die jaar uitgevoer is asook die ewe belangrike fundamentele werk op vog en gronddiepte uitgevoer deur die Hoëveldstreek van die Landboudepartement. Die rekenaar en sy gepaardgaande handleiding is op 28 November deur die Adjunk-Minister van Landbou, mnr J J Malan, namens die Departement ontvang en tot op datum is ongeveer 1 000 eksemplare beskikbaar gestel aan vakkundiges van die Departement en ledemaatskappye.

Dit is my persoonlike mening dat hierdie 'Rekenaar' die grootste enkele voorwaartse stap behels om aanbevelings vir mieliebemesting op 'n gesonde grondslag te plaas.

Ons beskou die 'Rekenaar' nie as 'n onfeilbare resep nie en verdere proewe deur ons navorsingseenheid, wat 'n getal van 45 omvat gedurende die pas afgelope seisoen, is ingestel om leemtes aan te vul en besondere aandag te skenk aan die sogenaamde 'P'-versadiging soos daar al los beweer word in sekere kringe. Vir my lê die vernaamste meriete van hierdie 'Rekenaar' in die feit dat dit alle bekende faktore wat opbrengspotensiaal beheer soos grondtipe, gronddiepte, vog, asook die vrugbaarheidspeil van die grond in berekening bring.

Ons direkteur se reis het hom gevoer vanaf Israel, dwarsdeur die vernaamste Europese landboulande tot in Engeland en sy vernaamste bevinding was dat die sukses van intensiewe landbou direk korreleer met die samewerking — nie net in lippetaal nie — tussen die Landbou-Staatsdepartemente en die privaatsektore in die verskillende lande. Die mees sprekende voorbeelde hiervan is in Israel en Holland gevind waar die privaatsektor en die Staat op formele liggame bymekaar kom, en, sonder voorbehoud, landbouprobleme takel met die bes beskikbare talente. As gevolg van hierdie reis oorweeg ons Vereniging steun, geldelik of andersins, aan universiteitsinrigtings vir die bevordering van navorsingswerk wat kan lig werp op die probleme wat die nywerheid onderskei in die landbou met betrekking tot die verhoging van grondvrugbaarheid as 'n bydrae tot beter boerdery.

Gedurende hierdie jaar het ons Vereniging ook besluit om in samewerking met instansies soos die Vleisraad, die Vleishandel en die Departement van Landbou, 'n grasbemestingsprojek aan te pak as bydrae tot die oplossing vir die rooivleistekort wat in ons land ontstaan het. Vir hierdie doel is voorlopig die som van R30 000 vir hierdie jaar bewillig waarvan die helfte in die vorm van kunsmisskenkings is.

Die doelstellinge van hierdie projek is as volg:

1 om die NPK- en kalkmark vir veld en aangeplante weidings te ontwikkel;

2 om in die kortste moontlike tyd die produksie van natuurlike veld, aangeplante weidings en voergewasse deur bemesting aansienlik te verhoog;

3 om by te dra om maksimale gebruik van plantmateriaal te bewerkstellig en daardeur produksiestelsels vir verhoogde rooivleisproduksie te ontwikkel;

4 om by te dra om maksimale ekonomiese peile mbt insette en bestuur in verskillende ekologiese areas te bepaal om sodoende maksimale winsgewendheid te bewerkstellig;

5 om by te dra om die algemene aanvaarding van sulke produksiestelsels in die vleisproduksieprogram te bevorder.

Op die huidige bestaan daar vier tipe projekte binne hierdie program nl:

(a) projekte wat deur die MVSA op Departementele navorsingstasies ondersteun word;

(b) koöperatiewe projekte met boere deur die MVSA en die Departement van Landbou-Tegniese Dienste;

(c) koöperatiewe projekte met boere tussen die MVSA en lidmaatskappye;

(d) MVSA koöperatiewe projekte met boere.

Hierdie projekte is in die Natalstreek, in die Transvaalstreek en in die Hoëveldstreek aangepak en sal deurgevoer word vir 'n periode van ongeveer vyf jaar met uitbreiding na ander streke namate ons grondslag en kennis vermeerder.

Benewens bogenoemde hoofriglyne het die Vereniging voortgegaan met sy bevorderingsaktiwiteite deur publikasies, hoofsaaklik die MVSA Joernaal, plantvoedselnuusbriewe, navorsingspamflette, 'n kleurkaart van die gebreksimptome in mielies, 'n bemestingshandboek, 'n heruitgawe van die suksesvolle 'Mieliestorie', asook artikels vir die Landboupers oor voerproduksie, gebreksimptome in mielies, vleisproduksie vanaf gras, en grondontledingsdiens. Die Vereniging brei nog steeds sy kleurskyfiereeks oor bemestingsaangeleenthede uit en stel dit beskikbaar vir aanverwante vakverenigings en ledemaatskappye. Aansluitend het die Vereniging ook vier boeredae gehou te Bredasdorp, Lichtenburg, Heidelberg, Tvl en Dundee en 26 voorlesings is deur ons navorsings- en veldstaf gelewer op boeredae en vergaderings van ledemaatskappye en ander instansies.

Ons medaljehouersfunksie hierdie jaar is op 4 Oktober gehou, waar referate deur Prof F R Tomlinson, Dr R F Loxton, mnr P E le R van Niekerk, mnr L L Eksteen gelewer is voor die mees uitgelese gehoor dusver.

Op die ekonomiese gebied het die Vereniging se Ekonomiese Subkomitee aandag geskenk aan die verreikende gevolge wat die nuwe spoorwegtariefstelsel vir die nywerheid en die boer inhou en vertoë saam met georganiseerde landbou aan die owerheid gerig in verband met sekere bepalings wat ons insiens uiters onregverdig op die verbruiker neerkom. Onderhandeling is gedurig en deurlopend gevoer met die owerhede om die huidige prysbeheerstelsel wat onveranderd dateer uit twee dekades gelede aan moderne omstandighede aan te pas sodat die wurggreep wat die stelsel op innovasie en vooruitgang in die nywerheid tot gevolg het verslap kan word sonder benadeling van die beskerming wat dit aan die verbruiker bied.

Ons bantoevoorligtingsprogram is ook voortgesit met publikasies vir bantoevoorligters en landboukundiges in die Departement Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling en 'n bypassende skyfiereeks. Kortkursusse in bemesting is gehou in die Transkei, Witsieshoek en Lebowa.

Die Vereniging het ook bygedra tot die beplanning, deur gedeeltelike toesig, en deur donasies tot demonstrasies, ens uitgevoer deur die Departemente van Landbou en Bosbou van die tuislande.

Gedurende die jaar, en vernaamlik deur die opbeurende samewerking van die nuwe Sekretaris van Landbou-Tegniese Dienste, is samewerking van Streeksgebiede van die Departement Landbou-Tegniese Dienste verder gevoer alhoewel ons graag groter vooruitgang in hierdie opsig sou wou sien. Die Vereniging het voortgegaan met sy sekretariële dienste aan die volgende instansies:

Landbou- en Veeartsenykundige Chemikalieë Vereniging van S A

Suid-Afrikaanse Vereniging vir Diereproduksie

Suid-Afrikaanse Instituut vir Landbouvoorligting

Suid-Afrikaanse Vereniging vir Gewasproduksie

Hierdeur poog die Vereniging om sy basiese doelstelling van grondvrugbaarheidverhoging uitgedra te kry in beter boerderystelsels deur skakeling met instansies wat hulle op die vakterreine beweeg waar ons basiese kennis en informasie van nut kan wees.

Die hoofsoekdoel van hierdie Vereniging op hierdie tydstip van sy bestaan is om die rigtings te herken waarin landbou in Suid-Afrika sal moet beweeg. Vergaderings met hierdie tema deur die Instituut van Voorligting en die Suid-Afrikaanse Akademie is bygewoon en vandag se vergadering se tema is ook gekies en die sprekers uitgenooi om verdere lig vooruit te laat skyn in hierdie rigting. Ons hoop en vertrou dat die bydraes van so 'n aard sal wees dat die Vereniging in staat gestel sal word om sy aktiwiteite doelgerig en aaneenskakelend in te rig saam met ander instansies om 'n gesonde en lewenskragtige landbou te bevorder en tot stand te bring in ons land.